Geliefde Lourensrivierder

Met die storm (Sikloon Dineo) wat aan die broei is en orals op die nuus verkondig word kan ek nie anders as om te dink dat mense daagliks met vrese lewe vir letterlike en figuurlike storms in die lewe nie... 'n Jong dogter vra gister vir my: "Is Jesus nie kwaad vir my omdat ek die heeltyd bang is en Hom nie vertrou nie?" Dit was so lekker om uit die Woord vir haar te kon verduidelik dat Jesus self ook bang was sodat Hy presies kan weet hoe ons voel en Hom met ons kan vereenselwig..... *Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied!" 'n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk. Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val. (Luk 22:42-44)*
DINK NET: Jesus word mens om te kom voel, sodat Hy weet hoe ons voel!!!

DUIS:LIG het 'n liedjie wat sê "Ek verstaan".
Hier is die lirieke:
Ek is die Een wat sien; Daar's niks wat my ontgaan
My hart vir jou is onbeperk; Jy voel jy's so alleen
Maar jy's veilig in my hand; Ek is die een wat veg vir jou
Koor: Ek verstaan as alles te veel raak; En Ek verstaan as die lewe jou seermaak
Want Ek het gevoel hoe dit voel om te bloei; Ja Ek het gevoel hoe dit voel om te bloei

NUUSKRUMMELS: 16/02/2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR
WEGNEEMETES: Vrydag 3 Maart (t.b.v. ons Voedselfees)
Daar is smullekker Kerrie & Rys @ R30,
'n Jumbo-Hamburger met 'n bief-patti van Flameros @ R30 asook Pannekoek @ R5

Jou dienswerker sal jou besoek met die ete-opnames.
Satelietwyk lidmate kan kaartjies koop by die kerkkantoor

Kontak: 021 853 5991

Kyk hoe mooi afgerond lyk ons **GEDENKTUIN** se ingang nou en dis te danke aan Neil de Villiers (Wessel se swaer) se uitstekende handewerk. Neil het dit vir ons gratis gemaak en die Perspex-letters geskenk.

Lourensrivier Gemeente waardeer opreg hierdie mooi gesindheid.

Baie dankie ook aan Wessel wat dit vir ons so mooi aangebring het.

NOG BY KERKKANTOOR TE KOOP T.B.V. VOEDSELFEESFONDS:
Lappieboontjies vir heerlike sop, sousbone en nog meer (500g @ R20)
Hoendermis @ R25 per kg: konsentreerd

HEERLIKE ROSYNTJIES @ R20 (500g) t.b.v. Mosambiek Geletterdheid.

MOSAMBIEK GELETTERDHEID: "SODAT HULLE DIE BYBEL KAN LEES"
Volgende Sondag (26 Februarie) woon Niehan en Carmen die erediens by en sal by geleentheid terugvoer gee oor hulle werk in Milange en ook wat die toekoms vir hulle inhou.
Moenie dit misloop nie!!

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP

Kom geniet 'n naweek saam met vroue met 'n Passie vir Jesus!!

Die vrouekonferensie begin om 6:00 Vrydag aand, 3 Maart en hou aan tot 11:00 Sondag 5 Maart. Bring asb jou eie beddegoed (vir n enkelbed), en eetgerei – bord, mes, vurk, lepel, beker, poedingbakkie asook n Bybel. Dit vind plaas by Die Eiland, Jonkershoek pad, Stellenbosch.
Hier is die skakel vir 'n kaart na die Eiland:
https://www.google.co.za/maps/dir/''/die+eiland+jonkershoek+pad+stellenbosch/@-33.9391028,18.8671698,13.74z/data=!4m8!4m7!1m0!1m5!1m1!1s0x1dcdb23ed7f24e27:0x4ebb619a03532aba!2m2!1d18.91758!2d-33.9599169
Die kostes vir die naweek is R700 wat insluit verblyf asook aandete Vrydagaand, ontbyt, middag en aandete Saterdag, en ontbyt Sondag. Deposito van R400 moet so gou moontlik betaal word in die volgende rekening: Capitec Bank: Rekeninghouer: J van As
Rekening Nr: 131 778 3199 (Spaar Rekening) Verwysing: Jou naam en PVJ

Die uitstaande bedrag van R300 moet teen die einde February 2017 betaal wees in dieselfde rekening. Stuur asb bewys van betaling na vrouekonferensie@gmail.com

Sien daarna uit om jou te sien!
Seëninge, Jennie van As @ 0815821874, epos: vrouekonferensie@gmail.com

POTJIEKOSKOMPETISIE OP 25/2/2017 vanaf 12:00 tot 17:00 teen R50-00 per porsie (rys, potjieporsie en sny tuisgebakte brood ingesluit).

Die volgende tipes potte is beskikbaar: Hawaiian (soetsuur vark); Seekos; Skaappot; Waterblommetjie (x 2 potte); Skaapskenkel (x 2 potte); Bief Bourguignon; Skaapkerriepot; Kerriehoender; Skenkel groentepot; Lamspot; Lamsnekpot; Bees en groenboontjiepot; Pastapot.

Bestellings kan NOU geplaas word by Anderesa of Henriette
by 021 854-3763.

Baie dankie julle, mooi dag.
H van der Merwe
Hoof: ACVV Huis Jan Swart

STRAND DIENSSENTRUM: NASIONALE MELKTERTDAG
WOENSDAG: 1 MAART 2017
Een groot porsie melktert plus Tee/Koffie @ R20-00 Vanaf 10:00
Bespreek asseblief by Ontvangs! Tel. 021 854 4552

CANSA RELAY
Maak asseblief 'n groooot knoop en onthou hierdie belangrike projek om kankerlyers en die organisasie te ondersteun!
Ons eie LIFELINE YOUTH het ook 'n span ingeskryf.
Enige iemand wat deur die dag vir hulle wil gaan ondersteun en saamstap van18h00 – 11h00 is baie welkom.

Indien iemand nog 'n span wil inskryf of navrae het, kontak asb vir Lucille Kruger @ 0729286135. Daar is nog tyd!

VAKANTE POS:
Ons is 'n maatskappy gebaseer in die Strand wat 'n posisie wil adverteer vir 'n kandidaat as elektriese heining installeerder.

Werkvereistes:
- Vermoë om 'n spanleier te wees
- Geldige bestuurslisensie
- Ondervinding is 'n vereiste
- Kandidaat moet tussen die ouderdom van 20-35 jaar wees
- Bereid wees om te werk in alle weersomstandighede

Kontak: Karin @ 021-8531985
Helderberg Electric Fencing

GELUKWENSING:
Wessel & Jeanette Geldenhuys het die trotse Oupa en Ouma geword van 'n kleindogter.
Babatjie Margaux is gebore op 28 Januarie 2017. Baie seën ook vir die ouers.

KNIEWERK:

- Ons bid vir reën en dat ons land die Here se aangesig gedurig sal soek, nie net in nood nie.
- Vir spoedige herstel en beterskap
  - Alfred Champion
  - Mathilda Stemmet
  - Burrie van Zijl
- Kankerbehandeling:
  - Winnie de Waal
  - Paul Louw
  - Retha van der Westhuizen

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK SONDAG, 19 FEBRUARIE SE BOODSKAP: 1 Kor 3:10-23

SEWENDE WEEK NA EPIFANIE:

As gelowige is ek die gebou van God en my fondament is Jesus Christus. Die Heilige Gees woon in my. Daarom sal ek nie die wysheid van die wêreld aanhang nie, maar deur die krag van die Gees slegs die eer van God soek. As gelowige, weet ek verseker dat ek in God se hande is en daarom weet ek waarheen ek op pad is.

In die verband, het iemand gesê: “Ek kom, ek weet nie waarvandaan nie; ek gaan, ek weet nie waarheen nie, darem snaaks dat ek so rustig is..”

Toe Martin Luther dit lees, was sy reaksie: “Ek kom, ek weet waarvandaan; ek gaan, ek weet waarheen, darem snaaks dat ek so onrustig is.”

Ten spyte van die spanning tussen die goeie en die sonde in my lewe, weet ek dat ek vir ewig by God lewe.

-Ds. Willem Botes-

Dankie Here vir die prys wat U betaal het sodat ons rustig kan wees en uitsien na ‘n ewigheid saam met U!

Jackie@Lourensrivier

OORGEE, OMGEE, AANGEE

DANKIE PAM GOLDING VIR DIE EKSTRA KLEUR IN ONS KOMMUNIKASIE ☺

PRINTING SPONSORED BY
PAM GOLDING PROPERTIES

Edelweiss Hankey 083 252 1964
edelweiss.hankey@pamgolding.co.za
pamgolding.co.za

PAM GOLDING
PROPERTIES